

## Woensdag 21 Januarie 2015 : Om saam te bid

### Skriflesing

Hand 1:4-5; 12-15; 23-25

Hand 12:5 en 12-17

By die gebedsbyeenkomste op Maandag tydens die etensuur, elke eerste Maandag van die maand om 19:00 en by die gesamentlike kerkraadsopening op Sondagoggend in die konsistorie, kom net 'n handjievul mense bymekaar om te bid. Waarom is dit so?

Ek het 'n paar jaar gelede op Kroonstad vir die kerkraad gevra waarom hul nie die gesamentlike gebedsgeleenthede bywoon nie. Ek glo nie ons antwoorde sal verskil van hulle s'n nie. Uit 46 kerkraadslede het die antwoorde soos volg geklink: ek verkies om privaat te bid; ek is gelukkig op my eie; ek hou my eie stiltetyd; ek bid binne gesinsverband; ek het nie selfvertroue om voor mense te bid nie; dit is my gesinstyd; ek het nie so 'n behoefte nie en my tyd is beperk. Andrew Murray het hierop geantwoord: "Ons kan tyd maak vir gebed, ons doen dit dan vir ons vriende." Die eerlikste antwoord van die kerkraad was waarskynlik: ek het geen rede nie.

Ons het die afgelope 2 aande gehoor dat die Here ons die opdrag gee om, soos Hy, altyd weer op eensame plekke ons af te sonder om te bid. Ons moet in ons binnekamers gaan bid. Is regtig nodig om saam te bid? Is gesamentlike gebed beter?

Nee, gebed is gesprek met God. Ons moet nie die twee teen mekaar afspeel nie. Dit is 2 kante van dieselfde muntstuk. Ons gaan môre-aand kyk na die krag van individuele gebed.

Maar ons lees tog ook in die Bybel van die krag van gesamentlike gebed. In Hand 1:14 lees ons dat 120 gelowiges eensgesind volhard in gebed. Jesus het vir sy dissipels gesê dat hulle in Jerusalem moes gaan: "Bly wag op die gawe wat die Vader belowe het." (Hand 1:4)

Hulle het goed begryp dat die wagtyd nie 'n tyd vir niksdoen kon wees nie. Hulle is na die bovertrek waar hulle gewoonlik saam was en hulle het: "eensgesind volhard in gebed." Toe die dag van die Pinksterfees tien dae later aanbreek was hulle almal, waarskynlik steeds biddend, bymekaar.

'n Uiteenlopende klomp mense het 10 dae lank saam gebid. In die bovertrek was Petrus wat Jesus verloën het, Johannes en Jakobus, seuns van die donder, Matteus die tollenaar, Simon die fanatikus, die ongelowige Thomas, 'n aantal vroue onder wie die Maria, die moeder van Jesus en Jesus se broers wat lank krities en skepties teenoor Hom gestaan het.

Hier is 'n bonte verskeidenheid mense wat deur hul band met Jesus, as hegte eenheid saamgesnoer is. Hulle is ook saamgesnoer deur een passie en gemotiveer deur een begeerte. Hulle bid in afwagting op die Here se belofte. Hulle het gebid vir die gawe wat God belowe het. En hulle ontvang, in antwoord op eensgesinde gebed, die Heilige Gees.

Wanneer mense so in liefde en gebed hande vat, word 'n kragkabel gevorm waardeur 'n Goddelike kragstroom kan vloei. Ons kan nie sê dat gesamentlike gebed sterker is as individuele gebed is nie, maar waar mense saam bid, doen God groot dinge. Sonder individuele gebed kan 'n gelowige nie. Sonder gesamentlike gebed kan 'n gemeente nie. Augustinus het gesê: " 'n Biddelose gemeente is 'n kragteloze gemeente" want "sonder God kan ons nie, maar sonder ons wil God nie."

Ons vind nog 'n wonderlike voorbeeld van die krag van gesamentlike gebed in Hand 12.

Ons lees in die eerste verse van Hand 12 van die totale aanslag van die bese. Koning Herodus val die jong kerk van Christus aan. Gemeentelede word gevang en mishandel. Jakobus word doodgemaak. Toe die koning sien dat die Jode hou van dit wat hy doen, laat hy Petrus in die tronk gooi. Daar tref Hy die strengste veiligheidsmaatreëls. Sestien soldate pas Petrus op. Afgesien van die wagte voor die tronkdeur, is daar ook 2 soldate saam met Petrus in die sel. Hulle is met kort kettings pols aan pols aan mekaar vasgeboei.

Met lidmate wat mishandel word en hulle leiers wat vermoor word of agter slot en grendel is, lyk dinge vir die jong gemeente baie donker.

Die gemeente kon seker 'n afvaardiging na die koning gestuur het om 'n kompromie te maak: hulle sal hulle stil gedra in ruil vir die vrylating van hulle leier. Hulle kon 'n protesoptog organiseer en met plakkaat voor die tronk betoog het. Hulle kon seker ook die tronk met geweld bestorm en geplunder het.

Wat doen hulle? Hulle kies God se metode. Hulle kies vir die kragtigste middel wat gelowiges het om te gebruik. Ons lees daarvan in Hand 12:5 en 12:

<sup>5</sup>So is hy dan in die tronk bewaak, maar die gemeente het aanhoudend vir hom tot God gebid. <sup>12</sup>Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid."

God wil dat in die geestelike oorlog die loopgrawe beman en die vyandelike vestings van die bese bestorm moet word met gebed. Die gemeente reageer nie op die krisis van Petrus se geboeide hande met gebalde vuiste of gevoude hande nie, maar met biddende hande.

En die krag van God, geaktiveer deur gesamentlike gebed, maak boeie los. Petrus stap saam met die engel by die wagte verby. Die ysterdeur na die stad gaan vanself oop. Hy sluit by medegelowiges aan waar hulle bid.

Sulke oorwinnings is vandag steeds moontlik. Ons moet net bly bid dat dieselfde God sal ingryp. Sonder gesamentlike gebed kan 'n gemeente nie.

**Amen**